

Dinsdag 3 November

Skrifgedeelte: Daniël 2:24-49

Fokusgedeelte: Daniël 2:44, 45

Die gewig van God se Rots vernietig alle menslike heerskappy

Koning Nebukadnesar, die magtige koning, se koninkryk het oor die bekende wêreld van destyds gestrek. Hy was onoorwinlik. Maar die ware God het hy nie geken nie en was nie eers van sy bestaan bewus nie. Tot ... God Homself aan Nebukadnesar openbaar in 'n droom.

Die droom het hierdie magtige man hewig ontstel, want hy kon dit nie verstaan nie. Dan stuur die Here sy dienaar Daniël om die droom vir die koning uit te lê. So maak die Here dit vir Nebukadnesar duidelik dat Hy alleen die ware God is en dat Hy alle mag in die hemel en op aarde het. Hy beskik selfs oor koninkryke en hulle voortbestaan. Hy bepaal wie sal regeer, oor watter gebied en vir hoe lank. Uiteindelik moet Nebukadnesar erken: *“Werklik, julle God is die grootste van alle gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekendmaak”* (vs 47).

Die groot troos vir ons as gelowiges is juis die feit alle mag en gesag in God gesetel is. Hy het sy Seun, die Rots (1 Pet. 2:6-8), na hierdie aarde gestuur om sy ewige koninkryk te kom vestig (vs 35): *“Die klip waardeur die beeld getref is, het 'n groot rots geword en het die hele aarde bedek.”* In Nebukadnesar se droom het die rots die beeld verpletter en fyngemaal tot stof, weggewaai deur die wind.

Ons raak so maklik ontsteld oor die doen en late van wêreldheersers en voel uitgelewer aan ons omstandighede. Die Here verseker ons dat Hy in volle beheer is en dat ons wat deur die kragtige werk van die Heilige Gees in Christus ingelyf is, saam met Hom regeer. Hierdie finale heerskappy word in Openbaring 18 en 19 deur God aan die apostel Johannes geopenbaar. Ons is méér as oorwinnaars ... saam met ons Koning en Verlosser, Jesus Christus!

Sing: Skrifberyming 7-1:1, 2, 3

Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)